
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

'n splinternuwe begin vir 2009

Is dit nie wonderlik om `n splinternuwe jaar te begin nie? Ek is seker dat God met Sy oneindige wysheid, geweet het hoe belangrik dit vir ons is om die ou jaar agter te laat, met al sy hoogtepunte, maar belangriker nog, ook met sy laagte punte. Hy weet dat die vooruitsig van `n Splinternuwe Jaar, `n Nuwe hoop, nuwe verwagtinge en `n nuwe begin bring en dit is presies ook waarom so baie mense Nuwe Jaars besluite neem, wat hulle opreg bedoel. Elkeen van ons het vertroue in die wete dat ons opnuut, met `n skoon bladsy, kan begin. Ons weet natuurlik, dat die grootste nuwe begin, die Nuwe Geboorte is. Dit gebeur wanneer jy besef en erken dat jy `n sondaar is en `n Verlosser nodig het, jou sondes bely en Jesus vra om jou Verlosser, Geneser, Here en God te wees. **"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding (Rom.10 verse 9 en 10).** Jou geestelike mens word opgewek en jy word `n Nuwe Skepping in Christus Jesus, volgens **2 Kor.5 vers 17:**

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword". Wat `n wonderwerk, wat `n wonder om uit die Gees van God wedergebore te word deur Jesus Sy Seun en om met Hom versoen te wees, sodat ons `n persoonlike verhouding met ons Hemelse Vader kan hê. Nooit OOIT was daar 'n groter nuwe begin as hierdie nie, en dit is vir elkeen wat glo beskikbaar, vir nou en vir ewig. **Joh. 3:16: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." In Joh. 1 vers 12** lees ons**: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo".**



"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding"
Rom.10 verse 9 en 10

Jy word nie net die ewige lewe met Christus en jou Hemelse Vader aangebied nie, maar Sy Heilige Gees woon nou in jou, Hy sal jou in alle waarheid lei en die wil en weë van jou Vader (in ooreenstemming met Sy Woord, die Bybel) elke dag van jou lewe, openbaar. Hierdie persoonlike verhouding met jou Hemelse Vader, moontlik gemaak deur die versoeningswerk van Jesus en die krag van die Heilige Gees wat deur jou werk, is 'n ontsagwekkende werklikheid! Ek wonder dikwels of ons werklik bewus is van die werklike omvang van hierdie waarheid. Hierdie vermoë om met ons Lewende God daagliks te kommunikeer, is bokant ons begrip, tog is dit waar! Dit is hierdie waarheid wat die kern van die Christendom is. Christenskap is nie `n godsdiens nie, dit is `n daaglikse verhouding met God. Dit is nie `n lys van moets en moenies wat ons uit die hoof leer nie en dan in ons daaglikse lewe toepas nie, soos `n ritueel, of soos `n robot, sodat ons in God se guns kan bly! Die besondersheid van die Christendom, is die feit dat ons in `n voortdurende verhouding met ons Hemelse Vader verkeer, wie ons liefhet en wat altyd net die beste vir ons wil hê. Wie daar is om ons te leer en Sy weë te wys soos ons Sy teenwoordigheid voortdurend soek. Sy wysheid en begrip is te alle tye vir jou beskikbaar as jy tyd neem om dit te soek en te ken. Dit is waaroor dit in enige verhouding gaan.

Ek kan nie oorbeklemtoon hoe noodsaaklik jou

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 'n Splinternuwe begin vir 2009 ...)
indiwiduele, persoonlike verhouding met jou Hemelse Vader moet wees nie, veral in die dae waarin ons leef. Ons vyand, die duiwel het genoeg planne en maniere om te keer dat ons naby Vader God kom. Hy bring nie net versoekings oor ons pad, met die hoop dat ons sal sondig nie (hy ken ons elke swakheid baie goed) en hy weet dat sonde ons van Vader God skei. Hy kan ook soos `n engel van die lig voorkom, volgens 2 Kor.11 vers 14 in die Bybel, om ons te mislei, so ook valse leraars en profete sodat ons sy leuens sal glo. Satan het nog altyd ons aanbidding en aandag begeer, en sal maniere vind om ons aandag af te trek van die tyd wat ons met ons Hemelse Vader verkeer, hy kan nie die verhouding wat ons met ons Vader God, as Sy kinders het, verdra nie. Soos jy weet, was Satan eens op `n tyd een van God se aartsengele, pragtig en wonderbaarlik geskape deur God om aan die hoof te staan van die verering aan Hom, in Sy troonkamer (Esg.28:12-19). Toe het trots en rebellie oorgeneem in hom en hy het teen God se gesag in opstand gekom, omdat hy God wou wees (Jes.14:12-14). Dit het veroorsaak dat hy en `n derde van die engele, wat saam met hom gerebelleer het, uit die hemel gegooi is (Openb.12:4). Die gevolg is dat hy ons haat, omdat ons, deur die Bloed van Jesus, nou toegang het tot dieselfde troonkamer van God, die posisie wat hy eers gehad en toe verloor het. Die gevolg hiervan is dat hy elke moontlike gemene streek sal probeer, om te voorkom dat ons in `n intieme verhouding naby Vader God, kan kom. Hy weet dat sonde in my en jou lewe `n hindernis sal veroorsaak (Jes.59:2) Satan weet sy misleiding en leuens sal veroorsaak dat ons veroordeel word en skuldig voel en dit sal weer op sy beurt die gevoel laat ontstaan, dat ons nie die reg het om ons Hemelse Vader te nader nie. Die duiwel is `n meester in die beskuldiging van die broeders (Openb.12:10). Hy wil ons skuldig laat voel, sodat ons nie die vryheid of moed sal hê om met vrymoedigheid gemeenskap met ons Hemelse Vader te hê nie. Ons prys die Here egter dat Jesus `n weg vir ons gemaak het om ononderbroke die intieme verhouding met Vader God voort te sit, deur **1 Joh.1:9** wat verklaar: **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**

Omdat Jesus ons Hoëpriester is, verseker **Heb.4:16** ons dat: **Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.**

As kinders van die Allerhoogste God, moet ons ons intimiteit en verhouding met ons Hemelse Vader tot so `n mate koester en dit so hoog waardeer, dat ons enige sonde wat ons kan skei en ons verhouding kan bederwe, gewilliglik bely en staak, met die besef dat dit ons daaglikse lewenslyn is. Daar is egter `n meer subtiele metode wat die vyand deesdae gebruik om te probeer voorkom dat ons `n persoonlike verhouding met ons Hemelse Vader sal geniet. Die doelwit is dieselfde, maar dit is nie so opmerklik nie en daarom dodeliker en gevaarliker. Dit probeer om die individuele gelowige se persoonlike intimiteit met God te vervang met Christelike metodiek en lewenswyse beginsels en deur dit te doen, word `n verhouding vervang met godsdiens (wetties). Sommige bedienings en Evangeliese predikers leer gelowiges hoe om hul te gedra, te antwoord, op te tree en te reageer volgens Christelike beginsels. Ongelukkig veroorsaak dit dat gelowiges weggelei word om God op `n persoonlike grondslag te soek, deur dit te vervang met lyste van Bybel gebaseerde lewenswyse beginsels, wat in verband staan met verskillende behoeftes en onderwerpe. Ons moet versigtig wees om nie mislei te word nie, want dit maak nie saak of hierdie formules en sleutels op die Bybel gebaseer is nie, want hulle sal uiteindelik die Gelowige se persoonlike, private en individuele tyd met sy/haar Hemelse Vader opvreet. Lewenswyse leringe wat op die Christendom gebaseer is, kan nooit "Lewe" voortbring, wat voortkom deur in die teenwoordigheid van jou Hemelse Vader te wees, en om persoonlik van Hom te hoor, dit moet egter ook nie vervang word nie. Die Waarheid van Sy Woord sal vanselfsprekend, altyd ons basis wees, want Sy wil is Sy Woord en Sy raad sal altyd in ooreenstemming daarmee wees en verander nooit.

Te dikwels laat ons toe dat die dinge van die wêreld inkruip, in die eenvoud en nederigheid van die Evangelie van Jesus, wat gebaseer is op verhoudings – ons verhouding met God en met ons medemens. Baie keer laat ons as Christene toe dat Humanisme, Mense Regte Sielkunde, Alternatiewe medisyne, intellektualisme en wêreldse redenasies in ons lewens kom. Ons voeg dit net by ons wandel met die

"As kinders van die Allerhoogste God, moet ons ons intimiteit en verhouding met ons Hemelse Vader tot so `n mate koester en dit so hoog waardeer, dat ons enige sonde wat ons kan skei en ons verhouding kan bederwe, gewilliglik bely, met die besef dat dit ons daaglikse lewenslyn is."

Here en so word dit as Christelik beskou. Ons kan so maklik deur Realiteit TV. vertonings, motiveringssprekers en spanbou programme beïnvloed word en dit is nou op die oomblik baie gewild. Dan is daar die talle blitsverkoop, sekulêre boeke wat deur gretige lesers verslind word met titels soos "Seven easy steps to success"; "Six steps to financial prosperity"; "Ten keys to losing weight" of "Building a better healthier body" ens. Nou wil dit voorkom asof hierdie hele wêreldse konsep ook in die Christelike lering ingesluip het! Die punt is net om `n persoonlike verhouding met iemand te hê, is `n lys van voorskrifte nie nodig nie, dit vereis net om tyd met mekaar deur te bring. As ouers, het ons nie `n lys voorskrifte nodig hoe om elke kind individueel te leer ken nie. Jy het dalk drie of vier kinders, almal gebore uit dieselfde ouers, elkeen is verskillend, elkeen is `n individu met `n unieke karakter, persoonlikheid en behoeftes. Deur tyd met elkeen persoonlik deur te bring, word `n verhouding opgebou, julle ontwikkel `n intimiteit wat geen opvoedkundige boeke en formules kan vervang nie. Regdeur die eeue het die mens God probeer bereik en ken deur hul eie werke en godsdienstige rituele, maar die Bybel waarsku ons dat God die mens se werke as dwaasheid beskou, omdat Hy `n persoonlike God is en jou hart begeer. Waarom dink jy het God jou met jou eie eksklusiewe stel vingerafdrukke en DNA geskape? Dit is omdat Hy wil hê dat jy moet besef dat ek en jy uniek is. Ek is Sy spesiale kind en so ook jy en Hy wil nie net jou

(Vervolg op Bl. 8)

Jesus' new commandment

For a New Year (John 13:34-35)

Jesus said to His disciples before He was crucified, **A new commandment I give unto you, That ye love one another; as I have loved you, that ye also love one another. By this shall all *men* know that ye are my disciples, if ye have love one to another. (John 13:34-35).** Firstly we must realise that Jesus said that it was a **commandment** to His disciples, (to those who desire to follow Him), and secondly that it would be the **hallmark** by which others would be able to see His love displayed. In the late 1970's when we experienced a wonderful move of the Holy Spirit in Stanger, people came from all over the country to be part of what was happening at the time, and apart from the wonderful healings and miracles that God was doing, people said that it was the amazing love that flowed amongst His born again children, that drew them to wanting to receiving Jesus Christ as their personal Saviour. Everyone craves sincere, genuine and unconditional love and His love working in and through us undoubtedly draws sinners to want to be reconciled to their Heavenly Father through His Son Jesus.



God loved this world so much, the Bible tells us that, He sent His only Son Jesus to die the most horrific death on the cross so that we might be forgiven of our sin and be reconciled to Him! (John 3:16) What great love He has shown towards us sinners, and because He saved us through His great love, He has a right to command us to love one another. Remember, He chose to love us whilst we were sinful and unlovely, He loved us enough to sacrifice His Son to die on a cross!

You see God's love is not an emotional, sentimental feeling, but rather a choosing, an act of the will. God is love! God is a Giver, and He wants us to show forth His nature. How does God demonstrate His love towards us, His children? He forgives us- so we should forgive others. He is kind to us- so we should be kind to others. He is patient with us- so we should be patient with one another. We should treat others in the same way that God treats us.

Jesus said in John 15:13: **Greater love hath no man than this, that a man lay down his life for his friends.** But Jesus laid down His life for His enemies! This is a perfect pattern of love even unto death. Paul gives us the amazing illustration of love in 1 Cor. 13:1-8 en 13: **If I (can) speak in the tongues of men and (even) of angels, but have not love (that reasoning, intentional, spiritual devotion such as is inspired by God's love for and in us), I am only a noisy gong or a clanging cymbal. And if I have prophetic powers – that is, the gift of interpreting the divine will and purpose; and understand all the secret truths and mysteries and possess all knowledge, and if I have (sufficient) faith so that I can remove mountains, but have not love (God's love in me) I am nothing – a useless nobody. Even if I dole out all that I have (to the poor in providing) food, and if I surrender my body to be burned (or in order that I may glory), but have not love (God's love in me), I gain nothing. Love endures long and is patient and kind; love never is envious nor boils over with jealousy; is not boastful or vainglorious, does not display itself haughtily. It is not conceited – arrogant and inflated with pride; it is not rude (unmannerly), and does not act unbecomingly. Love (God's love in us) does not insist on its own rights or its own way, for it is not self-seeking; it is not touchy or fretful or resentful; it takes no account of the evil done to it – pays no attention to a suffered wrong. It does not rejoice at injustice and unrighteousness, but rejoices when right and truth prevail. Love bears up under anything and everything that comes, is ever ready to believe the best of every person, its hopes are fadeless under all circumstances and it endures everything (without weakening). Love never fails – never fades**

(Continued on page 4)

"A new commandment I give unto you, That ye love one another; as I have loved you, that ye also love one another. By this shall all *men* know that ye are my disciples, if ye have love one to another. (John 13:34-35).

(Continued from page 3 - Jesus' new…)

out or becomes obsolete or comes to an end. As for prophecy (that is, the gift of interpreting the divine will and purpose), it will be fulfilled and pass away; as for tongues, they will be destroyed and cease; as for knowledge, it will pass away (that is, it will lose its value and be superseded by truth).

And so faith, hope, love abide; (faith, conviction and belief respecting man's relation to God and divine things; hope, joyful and confident expectation of eternal salvation; love, true affection for God and man, growing out of God's love for and in us), these three, but the greatest of these is love. (Amp.Bible)

We read in **Titus 3:3-4: For we ourselves also were sometimes foolish, disobedient, deceived, serving divers lusts and pleasures, living in malice and envy, hateful, *and* hating one another. But after that the kindness and love of God our Saviour toward man appeared....**When we became born again, love came to dwell inside of us, because God is Love!(1 John 4:8). Our old nature was often not so loving, but with our new birth, love became part of it. **Seeing ye have purified your souls in obeying the truth through the Spirit unto unfeigned love of the brethren, *see that* ye love one another with a pure heart fervently: Being born again, not of corruptible seed, but of incorruptible, by the word of God, which liveth and abideth for ever. (1Pet. 1:22-23).** What does unfeigned love mean? It means it is a sincere love, not manufactured or hypocritical. It is a fervent love, which is pure without bad motives or any manipulation. In 1John 3:10-11 we read: **In this the children of God are manifest, and the children of the devil: whosoever doeth not righteousness is not of God, neither he that loveth not his brother. For this is the message that ye heard from the beginning, that we should love one another.**

This message was given to us from the beginning when Jesus said to His disciples: **If ye keep My commandments, ye shall abide in My love; even as I have kept My Father's commandments, and abide in His love. These things have I spoken unto you, that My joy might remain in you, and *that* your joy might be full. This is My commandment, That ye love one another, as I have loved you. (John 15:10-12).**

So often we think that as long as our relationship with God is on track, it does not matter so much whether or not we are getting along with others, but how wrong we can be. This is living a lie because it is impossible to "love God and hate your brother!" **He that loveth his brother abideth in the light, and there is none occasion of stumbling in him. But he that hateth his brother is in darkness, and walketh in darkness, and knoweth not whither he goeth, because that darkness hath blinded his eyes. (1 John 2:10-11).**It is interesting to note that there are twelve different references to "love one another" in the Bible, and when Jesus was asked "what is the greatest commandment?" **Jesus said unto him, Thou shalt love the Lord thy God with all thy heart, and with all thy soul, and with all thy mind. This is the first and great commandment. And the second *is* like unto it, Thou shalt love thy neighbour as thyself. On these two commandments hang all the law and the prophets. Matt. 22:37-40).**



Seeing ye have purified your souls in obeying the truth through the Spirit unto unfeigned love of the brethren, *see that* ye love one another with a pure heart fervently: Being born again, not of corruptible seed, but of incorruptible, by the word of God, which liveth and abideth for ever. (1Pet. 1:22-23).

As I have said at the beginning, the Agapé love of God, is based on choice, we choose with our own free will to love, just as we make a choice to forgive, because this is also a commandment of God, and when we choose to walk according to His statutes and commandments, we are freeing ourselves from bondage and walking in the ways of God, and His blessings follow. We read in **Matt.5:44 But I say to you, love your enemies, bless those who curse you, do good to those who hate you...** This is the nature and character of our Heavenly Father, and we have been born again of His Spirit.

Beloved, let us love one another: for love is of God; and every one that loveth is born of God, and knoweth God. He that loveth not knoweth not God; for God is love. In this was manifested the love of God toward us, because that God sent His only begotten Son into the world, that we might live through Him. Herein is love, not that we loved God, but that He loved us, and sent His Son *to be* the propitiation for our sins. Beloved, if God so loved us, we ought also to love one another. No man hath seen God at any time. If we love one another, God dwelleth in us, and His love is perfected in us. (1John 4:7-12). □



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil graag eer en lof en dank bring aan die Here deur vir julle te laat weet wat Hy gedoen het op antwoord van julle gebede. Ongeveer 3 maande gelede het ek na die sentrum gebel en julle dogter het die bose bestraf en gesê julle sal die volgende dag bid vir my niggie se 53 jarige seun se algehele verlamming. Die dokters kon hom nie opereer nie want hy het alreeds 3 nekoperasies gehad om die kussingkies tussen die rugwerwels was afgeplat en het gesak en die hele rug was baie swak. Hy kon nie meer sy normale funksies behartig en sy ma moes hom elke dag gaan versorg soos ‘n baba. Ek het die Maandag vir julle geskakel en Dinsdag het ons saam met julle gebid en Woensdag het sy my opgewonde vanaf Pretoria gebel en gesê dat hy sy tone geroer het. Stadig maar seker het die lewe teruggekom. Hy loop al met krukke en somtyds ook daarsonder. Hy doen alles vir homself en bestuur sy motor. Baie dankie vir julle onselfsugtige liefde wat julle aan almal bewys en vir julle gebede. Baie liefde en dankie dat julle vir my ook bid.

Mev C Bruce, Montagu

Ek wil net baie hartlik bedank vir u wonderlike liefde, omgee en gebede. Ek het ook baie goeie nuus vir u. Die Here het wonderlike dinge gedoen in ons familie en doen dit nog steeds. Ek het mos ‘n geruime tyd u gevra vir gebede vir my kinders. Eerste het die Here vir Vincent verlos van sterk drank, Edmuns en sy seun, Remo is nou die aand gedoop, Nicky bly in Swakop dit gaan goed met hom, sy familie en besigheid, en sy geloof is wonderlik. En nou die dag het daar weer ‘n wonderwerk gebeur met Johan. Daar was gevind dat daar groeisels aan sy dikderm is hy moes toe die 17de September ‘n operasie ondergaan. Maar die oggend toe besluit die spesialis hy gaan die kamera vir hom insit en toe word daar gevind die groeisels het verdwyn. En dis nou al die derde keer wat die Here vir Johan so wonderlik genees. ‘n Paar jaar gelede het sy maagseer gebars het toe ‘n noodoperasie gekry wonderbaarlik genees. ‘n Paar jaar daarna toe vind die dokter daar is fout in sy keel en moes toe weer ‘n operasie en dit was kwaadaardig. Dokter van Tonder hy is die keel neus en oor spesialis baie gelowig hy laat mens ook nooit uit sy spreekkamer gaan sonder om te bid nie, asook voor hy ‘n operasie doen. Hy sê Johan se operasie moes 5 ure geduur het maar hy het dit in 2½ uur gedoen. Die Here het hom so genees, geen kwaad agter gebly nie en hoef ook nie chemo te kry nie. En nou vir die derde keer is hy ook genees. Dr James, ek weet dat u gereeld vir ons bid en daarom sê ek nogmaals baie dankie vir u wonderlike werk. Die Here seën u en u familie en gebedsgroep. Alle liedegroete en mooi mense. Dit kom van ‘n dankbare vriendin in Christus.

Mev J van Rooyen, Windhoek

Greetings in the Name of our Almighty God, Jesus Christ, our Saviour, who redeemed us from our iniquities. Praise God for the good work that you are doing for us, through your ministry. I started to know God more and more in a very simple and clear understanding. As a child who is prepared to learn more I have devoted myself to the Word of God and I surrendered my life unto Him. Thank you very much for your caring and encouragement that you have been giving me and now you are still caring. I thank you for the books I received and a CD. May God bless you, your family and your ministry. So now I am due to go home to be released on parole. Thank you very much, may the Lord richly bless you.

Mr V Sefala, Tsakane

Baie, baie dankie vir al julle gebede. God het gebede geantwoord. Mervilyn was unfairly dismissed vir iets wat hy nie gedoen het nie. Hy was 3 jaar werkloos, en vir 3 jaar was die arbitrasie aan die gang. Prys die Here!! My man het die saak gewen , net gebed en geloof wat dit kan doen ...Amen!!!!!!! Al die lof, eer en aanbidding kom God toe Halleluja!!! God het alweer vir Mervilyn deure oopgemaak. Hy is nou aangestel by St. John as ‘n lecturer vir first aiders. Is God nie goed nie, Prys Sy Heilige Naam. Nogmaals baie, baie dankie!!! Groete en liefde aan almal by die Sentrum.

Junaita, Kaapstad

Graag wil ek u almal bedank vir u gebede oor my versoeke en wil net getuig van die wonderwerke wat plaas gevind het. U het vir Hantie Jansen van Vuuren gebid van Klerksdorp. Sy is met die ambulans van Klerksdorp vervoer, en moes ‘n hart operasie ondergaan. Die verslae van haar van Klerksdorp het verskil van die toetse hier. Die operasie saal was gereed. Sy is terug sonder operasie, dit was vir dokters onverklaarbaar. Ek loof as die Here vir hierdie wonderwerk. U het vir my broer Schalk Buys gebid, hy sou ‘n rug operasie ondergaan. Die dokter het vir hom gesê die een been sou na operasie baie dun geword het. Maar prys die Here die aand toe hy opgeneem is, het hulle hom ondersoek, en na sy rug werwels gekyk dit was vir die dokters onverklaarbaar want die werwel het nie meer op mekaar gedruk en Schalk is ontslaan. Ons prys die Here vir die wonderwerk want hy is ‘n groot en baie lang man. Sy sms lees: “Net die goeie nuus meedeel. Was opgeneem maar weer ontslaan, operasie nie meer nodig. Ons prys die troue Vader.”

U het ook vir Maruscha gebid, sy het baie probleme met haar swangerskap gehad, die swangerskap is nou weer normaal en ek glo die baba sal welgeskape wees. Ons almal prys die Here want die baba is voorgebid. Ons loof en prys die Here vir wat Hy elke dag vir ons doen. Liefde groete.

Mev M Niemand, Bloemfontein

Baie dankie dat u saam met my gebid het, ons Liewe Jesus het my volkome genees. Die gewasse op my eierstokke en in my bors het die Here heeltemal verwyder. Ek wil net vir U vra dat U asseblief saam met my sal bid dat onse Liewe Heer my asseblief sal seën met ‘n baba dogtertjie volgens medies kan ek nie swanger raak nie, maar volgens God is daar niks onmoontlik nie. Baie dankie dat U saam met my sal bid.

(Vervolg op Bl. 6)

(vervolg vanaf Bl. 5 - Ons God van Wonderwerke...)

Liefde groete Mev L Roothman, Carletonville

Beste dr James, Meg en julle geliefdes,

U kan nie glo wat u en u kinders al vir ons beteken het vir die afgelope 20 jaar. Ons bid u groot seëninge toe en baie liefde van ons en ons kinders stuur ons aan u. Dr James, u en u span bid vir 12 jaar al vir ons kleindogter, Xandri vir verskillende probleme. Vandag kan ek met groot vreugde aan u skryf wat die Here deur u gebede die afgelope jaar vir haar gedoen het. U is bewus daarvan dat sy so 'n ernstige leesprobleem gehad het dat sy in geen skool kon vorder nie, ADD is ook by haar gediagnoseer. Die ouers was verplig om haar uit die skool te neem en tuis onderrig probeer vir 6 maande. Xandri het omgekeer soos net God die Vader kan doen! Wiskunde kon sy nie doen nie, lees en skryf glad nie! Dr James, na 3 maande het sy 86% vir wiskunde , 83% vir Engels en 85% vir Afrikaans. Sy skryf pragtig en lees vlot. Sy speel al pragtig klavier, presteer geweldig in kuns, dans oor 'n paar dae vir 'n medaljie, sy blink uit. Nou dr. sy sing soos 'n nagtegaal en is pas gekies vir die Jakaranda kinder koor wat 'n groot eer is en hulle sê sy het 'n besondere stem! O, my vriende wat 'n grote God dien ons! Ek eer Hom! Ek prys Hom! Dankie, dankie vir julle gebede!!

Rina, Karenpark

Ek het ook geskakel en gevra dat u vir my seun bid vir 'n nuwe betrekking en wat hy toe gekry het. Loof die Here!! Toe moes hy 'n nuwe kar koop vir die werk. Weer het ek geskakel en hy het 'n nuwe kar gekry. Weer sê ek loof die Here!

Mev S Finlay, Tzaneen

Liewe dr James, my seun Alwyn, 23 jaar, 3de jaar BCom, Tukkies het al sy vakke deur. Julle het baie vir my kind gebid, en hy het nou sy graad gekry. Loof en prys die Here!! Sy goedheid hou nooit op nie. Ek is so baie, baie dankbaar.

Liefde Daleen Dormehl

Ek is volkome genees van TB, ek kry nie meer TB behandeling nie deur julle gebede. Ek het die 18de Oktober opgehou met behandeling!! Mag julle ryklik geseën word met die seëninge van ons Hemelse Vader! Baie liefde groete van my hier by die tronk in Porterville.

Shedreckk Mdaku, Porterville

Alle eer die allehoogste my Vader in die Hemel. Ons aanbid 'n God wat leef, Prys Sy wonderlike Naam. Ek was baie baie siek in Julie en Augustus maand, ek het water op my hart en longe gehad., en Dr van Zyl en u span van die Christelike Sentrum het vir my gebid. Prys en Loof Sy Naam ek het gesond geword. Alle Eer aan my Vader in die Hemel. Baie baie dankie aan almal. Ek is byna 90 jaar oud. Die Here het my nog altyd deur alles gedra. Ek gee Hom al die Eer!

Mev H Moore, Jansenville

Ek moet vandag vir u 'n briefie skryf, ek het in 2006 u kantoor gebel en gevra om vir my te bid, want ek weet hoe groot is die krag van 'n gebed. In 2005 Januarie is vasgestel dat ek longkanker het, en die dokter het gesê ek is 'n grensgeval. Ek is 72 jaar, ek weeg toe 44kg met klere en skoene, nou weeg ek 54 kg. Ek het vir omtrent 2 jaar behandeling ontvang, drie soorte chemo en 40 bestralings, terwyl ek behandeling ontvang het, het dit versprei na die linker long toe, wel dit is nou drie jaar en 6 maande gelede, wat die siekte begin het, en ek is genees, deur die genade van ons Here, daar is nie woorde groot genoeg om dankie te sê nie/ Baie dankie vir alle gebede wat u en almal saam met u vir my gedoen het, ek waardeer dit, want my geloof is groot, en ek wil 'n boodskap stuur aan almal wat siek is, klou vas aan jou geloof, moenie jou geloof verloor nie, verloor jy hom het jy alles verloor, nogmaals baie, baie dankie vir al julle tyd en die mooi boodskappe in die nuusbrief elke maand wat ek so geniet om te lees, van sy groot liefde en genade, prys die Here.

Mev S Douglas, Durbanville

My innige dank aan julle almal wat deel van hierdie gebed sessie was en my vriendin is wonderlik genees waarvoor ek u en die spanmaats baie, baie dankie wil sê. Ek het ook voorbidding gevra vir my kerk waaraan ek behoort. Ek het eers die 14/11/08 terug gekom en is weer terug in Calvinia. Ek wil ook net aan julle sê vir die afgelope twee sondae is daar 'n groot verandering en amper 'n vol saal waar ons op die huidige oomblik kerk hou. Dit is wonderlik om saam met soveel mense die Here te kan loof en prys.

Mej M Paulsen, Calvinia

'n Rukkie gelede het ek gevra vir Jacques vir werk, hy het lank gewag en het nou 'n werk gekry. Ons is almal baie dankbaar. Dankie aan u en u personeel wat so getrou bid en ons gebede opdra. Seën vir u en u personeel. Groete

Mev G M Niemann, Onderstepoort

Wees gegroet in die wonderlike Naam Jesus Christus. Graag wou ek u net baie dankie sê vir u voorbidding van my seun, Peter Christiaan wat aan sy niere ly, hy is baie mooi beter en is terug werk toe. Die Here seën

Mev R Christian, Worcester

Ek het 'n tyd gelede gevra dat daar gebid word vir my kleinseun Harnie, ek wil my vreugde met julle ook deel. Ek het so week terug geskakel en die goeie nuus gekry dat klein Harnie baie beter is, my gemoed het oorgeloop van blydskap en vreugde. God is wonderlik Hy sal ons nooit verlaat nie, jy kan vra en Hy luister. Ek dra al die dank en ere aan ons Vader! Nogmaals baie dankie julle is 'n steunpilaar. Groete

Mnr J Joubert, Vereeniging



uit **Dr James** se kantoor

Daar is altyd 'n wonderlike gevoel van opgewondenheid wanneer ons die Nuwe Jaar binnegaan, en met hierdie jaar van 2009, is daar geen uitsondering nie! Een van die hoofredes hiervoor is omdat met elke Nuwe Jaar die wederkoms van ons Here Jesus Christus nader is, en word ons met hernude begeerte gevul om voorbereid te wees vir die ontsagwekkende dag en om met meer ywer in Sy wingerd te werk, om die eindtyd oes van kosbare siele vir Sy Koninkryk in te bring.

Kort gelede het ek weer die geweldige las ondervind vir die verlorenes – die wat nog nie 'n besluit geneem het om Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser te ontvang nie, en vir daardie wat nog nie die Evangelie van Christus gehoor het sodat hulle van die ewige verdoemenis gered kan word nie. Ons, by die Sentrum, het opnuut 'n visie om uit te reik na die ongeredde siele, selfs met meer ywer as ooit hierdie jaar, aangesien daar 'n nuwe gevoel van dringendheid is! Ek spoor elkeen van ons aan om opnuut na diegene om ons te kyk wie ons elke dag sien en hulle wie se lewens op een of ander manier met ons s'n verbind is en as enigeen van hulle nie gered is nie, begin om vir hulle te bid en die Here te vra vir 'n kans om die liefde van Jesus aan hulle te getuig. Die Bybel sê " Hoe sal hulle weet as niemand hulle vertel nie?" Ons lees in **Rom. 10:13-14**: **Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?** Elkeen van ons is gered deur iemand wat ons van Jesus die Verlosser van ons siel vertel het.

Om 'n siel vir Jesus te wen is die heel beste ding wat jy in 2009 kan doen! Om teenoor die wat Jesus nie ken nie te getuig is glad nie moeilik nie, neem net die inisiatief en vertel hulle van Jesus en laat dan die resultate aan God die Heilige Gees oor! **Jy** kan niemand red nie dit is die werk van die Heilige Gees, maar Vader God in Sy wysheid het boodskappers (ek en jy) nodig om die wonderlike boodskap van redding deur Jesus te verkondig, jy moet dus die inisiatief neem en aan hulle die Goeie Nuus vertel! Laat ons hierdie jaar saamwerk en 'n geweldige oes inbring met God die Heilige Gees wat saam met ons werk, ons lei, rig en in staat stel! Dit is die heel beste manier om die tyd wat nog aan ons hier op aarde gegee is te spandeer, en beslis die beste projek wat daar is vir 2009. Laat dit dus ons prioriteit wees omdat ons Hemelse Vader deur Sy groot genade aan ons die voorreg en die ekstra tyd gegee het om siele vir Sy Koninkryk te wen en hulle dissipels van Jesus te maak voor Sy wederkoms! Ons behoort soos die gelowige Jode te wees wat na die koms van die Messias uitkyk, hulle sê elke dag "Hy kom more" – en eendag sal hulle reg wees! Op hierdie manier leef hulle in verwagting en is voortdurend voorbereid vir Sy koms! Ons behoort elke dag met dieselfde verwagting te leef!

Ons dank ons Hemelse Vader vir al Sy goedheid gedurende die afgelope twaalf maande. Ons dank Hom vir die seën van gesondheid, vir die beskerming van ons geliefdes en vir Sy voorsiening, en ons bid dat Hy sal aanhou om aan ons selfs meer van Sy kosbaarhede uit Sy Wonderlike Woord sal openbaar sodat die Waarheid van Sy Woord ons kan versterk en oorwinning gee oor al die aanvalle van Satan wat ons die afgelope jaar ondervind het, om ons geloof in die Here Jesus te probeer ontwrig.

Ons bid hierdie jaar vir ons pragtige land en vir sy leiers en vra die Here om aan hulle wysheid en leiding te gee in die besluite wat hulle moet neem, en dat hulle Hom sal leer ken op 'n werklike en lewende manier. Ons bid vir die jaar se reënval, dat die regte hoeveelheid reën op die regte plekke en regte tyd sal val. Ons weet dat reën 'n seën van bo is en ons loof Hom, dank Hom en gee aan Hom al die eer vir dit. Ons bid hierdie jaar meer as ooit vir die Land Israel, soos God ons beveel het, ook vir die volk en vir die vrede van Jerusalem. Hy sê dat hulle wat Israel seën, geseën sal word! Mag Israel, God se Beloofde Land, die appel van Sy oog, Sy beskerming, wysheid en oorvloed op elke gebied ervaar. Ons bid vir die Liggaam van Christus, die Kerk van ons Here Jesus Christus in die land en wêreldwyd, en vra ons Hemelse Vader om haar te beskerm en te bewaar volgens Sy beloftes in Sy Woord, en daagliks duisende toe te voeg tot Sy liggaam.

Weereens wil ek en Meg en almal by die Sentrum u bedank vir wat julle vir ons beteken het gedurende die afgelope jaar! Ons dank julle vir jul wonderlike ondersteuning deur julle liefde, julle briewe, telefoonoproepe, getuienisse, gebedes en finansies, alles wat ons in staat gestel het om **elke dag** van die jaar die Goeie Nuus van Jesus te kon versprei! Dankie vir die omhoog hou van ons arms! Ek wens julle kon weet en sien van die verstommende hoeveelheid literatuur wat vanuit die Sentrum uitgaan na die " wie ook al wil" op 'n gereelde en voortgaande basis, dit sal julle heeltemal uit julle sokkies seën, netsoos dit elke dag vir ons doen en ons het die wonderlike briewe van dankbaarheid en getuienisse van veranderde lewens om dit te bewys. Ja, God se Woord is lewend, dit is Gees en dit bring lewe en doen waarvoor dit gestuur is! Altyd! Ons is so geseënd om deel te wees van wat Hy doen!

Mag die Here julle 'n wonderlike tyd van rus, vrede en vreugde gee gedurende hierdie vakansietyd en julle op die paaie bewaar. Julle is in ons gebede.

Mag Hy julle ryklik op elke moontlike manier seën in die belangrike jaar van 2009 wat voor julle lê, en onthou dat Hy weet wat julle nodig het nog lank voordat julle Hom selfs vra, en Hy is by magte om elke behoefte van julle te vervul volgens Sy groot rykdom deur Sy Seun Christus Jesus ons Verlosser en Here.

Baie liefde van ons almal by die Sentrum, in daardie wonderlike naam van ons Here Jesus.

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

DIEGENE WAT LIEFDE DIE MINSTE VERDIEN HET DIT DIE MEESTE NODIG

Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg. Matt. 5:44

KENNISGEWING

Ons doen 'n baie dringende en belangrike oproep aan al ons vriende wat 'n faks vir gebed of versoek aan ons stuur, om die faks te beperk tot EEN BLADSY. Dikwels kry ons 'n faks van 3 tot 10 bladsye wat onmoontlik is om te hanteer. Gee asseblief basies net die naam, adres en versoek. Baie dankie vir julle samewerking.

GOOD NEWS!

For our English speaking readers

We are excited to be able to share with you the fact that the newsletter in its entirety is now available every month in English on our internet web page: www,stangerchristiancentre.co.za.

GOEIE NUUS!

Vir ons Afrikaans Lesers

Ons is opgewonder om met julle te deel dat die hele volledige nuusbrief nou in Afrikaans beskikbaar is elke maand op ons internet web tuiste: www.stangerchristiancentre,co,za

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



"Maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." (Romeine 8 verse 15-16).

(Vervolg vanaf Bl 2 - - 'n Splinternuwe begin vir 2009 ...)

hart en liefde hê nie, maar ook jou tyd en aandag, omdat Hy begeer om met jou op `n persoonlike basis te verkeer.

Jesus het versoening gebring tussen God en die mens, Hy het dit moontlik gemaak dat ons God, Abba Vader mag noem! …….. **Maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Romeine 8 verse 15-16).** Watter bevoorregte mense is ons nie! Laat ons nooit terug hoef te kyk en spyt wees omdat ons nie bewus was van hierdie waarheid en daarop gereageer het nie. Laat ons hierdie jaar splinternuut begin, met `n brandende begeerte om meer tyd met ons Hemelse Vader deur te bring, sodat ons nie net Sy dade sal ken nie, maar soos Moses, ook Sy weë sal ken (Ps. 103:7). Hierdie moet beslis ons prioriteit vir 2009 wees! ☐